

Nasionale Jeugskou Kampioenskappe

2022 – Lichtenburg

KULINÊRE KUNS

TEMA

Ons Jeugskou spore lê oor die land



Junior-Junior

Tema: Verjaarsdagpartytjie

Skouman moet 6 kolwyntjies versier en opdien:

- Slegs 6 Q-cakes (soos 'n kolwyntjie/cupcake beskikbaar by Shoprite/Checkers – voortaan verwys as kolwyntjies) word voorsien.
- Deelnemer bring al die botterversiersel, kleursel, toerusting en benodighede. Bring dus wit botterversiersel en wit fondant wat benodig word vir die 6 kolwyntjies.
- Deelnemer moet 6 kolwyntjies versier:
 - 2 met botterversiersel (albei moet dieselfde lyk)
 - 2 met fondant (albei moet dieselfde lyk)
 - 2 met botterversiersel en lekkergoed/versiering van eie keuse
- Deelnemer moet hou by die “Partytjie”-tema.
- Elkeen bring eie benodighede vir opdiening van die kolwyntjies en die dek van die tafel (bv. 2 bordjies, 2 vorkies, servette, ietsie om die tafel mooi te maak soos vir 'n partytjie).



Junior

Tema: Blom waar jy geplant is

Skouman moet 9 kolwyntjies versier en opdien:

- Slegs 9 Q-cakes (soos 'n kolwyntjie/cupcake beskikbaar by Shoprite/Checkers – voortaan verwys as kolwyntjies) word voorsien.
- Deelnemer bring al die botterversiersel, kleursel, toerusting en benodigdhede. Bring dus wit botterversiersel en wit fondant wat benodig word vir die 9 kolwyntjies.
- Van skoumanne sal daar verwag word om 'n blommeruiker/"cupcake flower bouquet" te maak met 9 kolwyntjies. (Sien Pinterest/Google vir idees)
- Deelnemer moet 9 kolwyntjies versier waarvan daar 3 verskillendes moet wees en 3 van elke soort moet dieselfde versier word (d.w.s. 3 x 3).

Die deelnemer moet dus 9 kolwyntjies versier:

- 3 met botterversiersel (al 3 moet dieselfde lyk)
- 3 met fondant (en botterversiersel) (al 3 moet dieselfde lyk)
- 3 eie keuse
- Deelnemer moet hou by die "Blom waar jy geplant is"-tema.
- Elkeen bring eie benodigdhede vir die dek van die tafel (bv. 2 bordjies, 2 vurkies, servette, ietsie om die tafel mooi te maak). Bring ook benodigdhede om die ruiker/"bouquet" voor te stel.



Senior

Tema: 'n Ruiker vir jou

Skouman moet 12 kolwyntjies versier en opdien:

- Slegs 12 Q-cakes (soos 'n kolwyntjie/cup cake beskikbaar by Shoprite/Checkers – voortaan verwys as kolwyntjies) word voorsien.
- Deelnemer bring al die versiersel, kleursel, toerusting en benodighede (klaar aangemaak, maar nie gekleur nie). Bring dus wit botterversiersel wat benodig word vir die 12 kolwyntjies.
- Van skoumanne sal daar verwag word om 'n blommeruiker/"cup cake bouquet" te maak met 12 kolwyntjies. (Sien Pinterest/Google vir idees)
- Deelnemer moet 12 kolwyntjies versier waarvan daar 4 verskillendes moet wees en 3 van elke soort moet dieselfde versier word (d.w.s. 4 x 3)
- Deelnemer moet hou by die "'n Ruiker vir jou"-tema.
- Elkeen bring eie benodighede vir die dek van die tafel (bv. 2 bordjies, 2 vurkies, servette, ietsie om die tafel mooi te maak). Bring ook benodighede om ruiker/"bouquet" voor te stel.



Ander reëlings:

- Alle skoumanne kry 3 ure kans vir die versiering en opruim en ekstra 30 minute vir opdien.
- Trommels moet reeds op Sondag, 2 Oktober 2022, voor 15:00 by die lokaal ingehandig word.
- Elke deelnemer sal nog 6 kolwyntjies ekstra kry indien benodig vir die voltooiing en afronding van hulle ruiker/rangskikking. Hierdie ekstra kolwyntjies moet ook in die tyd versier word wat voorsien word. Dit gaan nie deel vorm van die verlangde kolwyntjies vir beoordeling nie.
- Skoumanne kan hul botterversiersel en fondant wel eers bring op die dag wat hul in die kombuis/ring is.
- Alle deelnemers bring alle eie toerusting vir die versier van die kolwyntjies.
- Daar sal koue geriewe beskikbaar wees, so ook water vir die was van skottelgoed. Bring eie skottels saam.
- NB: Die klem tydens opdiening gaan NIE oor die taferversierings of duursame breekware NIE, maar wel oor die kuns en tegniek van versiering en opdiening van die kolwyntjies.
- Elke deelnemer moet egter 'n foto of prentjie wat as beplanning gebruik word, saambring. Sketse is ook welkom.
- Skoumanne word beoordeel op die volgende:
 - ✓ higiëne en netheid
 - ✓ kreatiwiteit
 - ✓ praktiese vaardighede en tegnieke
 - ✓ opdiening
 - ✓ gebruik van kleur
 - ✓ produk geskep
- Let wel: daar word GEEN punte toegeken vir enige SMAAK van die produkte nie.

BOTTERVERSIERSEL – Basiese Resep

- 100 g Sagte Botter
- 500 ml (250 g) Versiersuiker, gesif
- 10 ml Vanieljegeursel
- Sowat 25ml Melk
- Voedselkleursel

Klop die botter en suiker saam tot lig en donsig. 'n Elektriese klister of staanmenger maak die taak baie makliker as om met die hand te probeer. Voeg die vanielje en net genoeg melk by om die mengsel lig en romerig te maak. Nou kan jy die versiersel in verskillende bakke verdeel en versigtig 'n paar druppels voedselkleursel by elkeen meng om die kleursel van jou blomtuin te verkry.